191. T. 7 (92)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.......................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag X298
PRETORIA

# UNIVERSITEIT EN MAATSKAPPY

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD

(Rede by geleentheid van die Gradedagplegtigheid van die Universiteit van die Oranje Vrystaat op Saterdag, 20 April 1974, om 9 vm.)

Tema: Univ. & Maty.

Sowat nege jaar gelede het ek by die amptelike opening van 'n nuwe akademiese jaar op Stellenbosch 'n onderwerp behandel wat ek in dieselfde woorde gestel het: Universiteit en Maatskappy. Ek sal egter vandag ~~tot op sekere hoogte~~ grotendeels 'n ander hoek van benadering hê omdat dinge inmiddels baie verander het, nie net wat die groot wêreld daarbuite betref nie, maar ook wat ons eie land betref en ons eie universiteite in die besonder. Wat wel dieselfde bly, is ons prinsipiële grondslae; en dit moet dieselfde bly, vir u en vir my, so lank en so ver as wat ons wil waag om vorentoe te kyk.

Die universiteit staan nie los van die maatskappy nie; inteendeel, hy staan midde in die maatskappy. Die universiteit in Suid-Afrika staan midde in Suid-Afrika, nie noodwendig in 'n fisiese sin nie, maar in 'n geestelike sin: hy staan midde in die lewe en strewe van Suid-Afrika; hy behoort aan Suid-Afrika. U eie universiteit, die Universiteit van die Oranje Vrystaat, behoort nie aan u nie, en ook nie aan die Vrystaat nie, maar aan Suid-Afrika, die hele Suid-Afrika. - Tog het ek pas gepraat van „u eie universiteit", maar u is darem deel van Suid-Afrika, dus kan ek my

2/..............

seker maar die oënskynlike contradictio veroorloof.

Maar feit is dat 'n universiteit nie streekgebonde is nie, maar nasionale besit is en midde in die lewe van die maatskappy staan. Daarom is dit ook reg en goed dat die staat, en inderdaad die maatskappy as geheel, fondse vir die universiteit bydra. Maar daarom is dit ook eweseer reg en goed dat die staat, en die maatskappy as geheel, hom na die optrede van die universiteit sal afvra.

Die universiteit staan ook nie los van die gemeenskap nie. Binne die maatskappy is daar 'n groot aantal gemeenskappe: ons praat bv. van gemeenskappe op taalgrondslag, die Afrikaanssprekende gemeenskap, die Engelssprekende gemeenskap, die Joodse gemeenskap; en van gemeenskappe op lokaliteitsgrondslag, die gemeenskap van Johannesburg, die gemeenskap van Kaapstad, die gemeenskap van Bloemfontein. Soms slaan die gebiedslyne van gemeenskappe op taalgrondslag en lokaliteitsgrondslag taamlik ooreen, soms ook glad nie.

Hoe dit sy, soos die universiteit nie los staan van sy maatskappy nie, so staan hy ook nie los van sy gemeenskap nie. 'n Universiteit ontstaan in die reël ten gevolge van die behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap, hy bestaan binne 'n bepaalde gemeenskap, hetsy fisies of geestelik of albei, en hy ontvang fondse nie net van die staat en maatskappy nie, maar ook van sy gemeenskap. Dit laat ons verstaan waarom 'n universiteit 'n algemene karakter dra as universiteit van die maatskappy, maar ook 'n besondere karakter as universiteit primêr van 'n bepaalde gemeenskap. In mindere of meerdere mate is dit in alle lande van die wêreld sō; ook in Suid-Afrika is dit sō. - Dus was ek tog nie so ver verkeerd om te praat van „u eie universiteit" nie!

Die universiteit se belange is onlosmaaklik ineengestrengel met dié van die maatskappy, maar ook met dié van die gemeenskap, nie net in 'n materiële sin in soverre hy fondse van die geheel en die onderdeel kry nie, maar veral ook in 'n geestelike sin in soverre hy leef en werk binne die

geesteswêreld van die geheel en van die onderdeel. Daar lê 'n tweeheid in die karakter van die universiteit: die algemene en die besondere, wat 'n mens egter nie as 'n dubbelslagtigheid moet sien nie, maar veeleer as noodsaaklike sye van een-en-dieselfde fenomeen, die universiteit. Daar is verskeidenheid in eenheid - om 'n baie gangbare uitspraak te gebruik.

Dit is teen hierdie agtergrond dat 'n mens die taak of doel van die universiteit moet stel. Oor die werklike raison d'etre van die universiteit is daar al baie simposia en kongresse gehou, in die buiteland en in ons eie land. Ek was bevoorreg om verskeie van sulke geleenthede by te woon en ook daaraan deel te neem; en dit het my dan dikwels getref hoe naarstiglik referente en ander sprekers na antwoorde soek op vrae soos: Waarvoor, en waarom, bestaan die univeristeit? Wat moet die vernaamste doelstellings van die dosent en die student wees? Wat is die doel van die staat met sy universiteite?

Dit het my net so sterk getref in welke mate ontwikkelde, goed-onderlegde mense, in die antwoorde wat hulle gee, onder mekaar verskil. Die een sê dat die universiteit daar is om kennis op te doen en te versprei; die ander, dat die universiteit navorsingswerk moet doen; nog 'n ander dat die universiteit mense vir die geleerde beroepe moet toerus; nog 'n ander, dat die universiteit die karakter van jong mense moet bou; en nog een, dat die universiteit goeie burgers vir die staat moet lewer.

In elkeen van hierdie antwoorde sit daar 'n kern van waarheid; en die een sluit die ander ook nie uit nie, eerder is dit net 'n kwessie van aksent. Maar dan is dit tog opmerklik dat daar één punt is waaroor nie verskil van mening bestaan nie, en dit is dat die universiteit daar is om diens te lewer: die universiteit moenie nutteloos wees nie, hy moet sy maatskappy en sy mense dien en hy moet, sowel materieël as sedelik, hulle geluk verhoog. Veral mag die universiteit nie 'n negatiewe betekenis hê nie; op die balansstaat van sy land en volk moet hy 'n bate wees, en nie 'n las nie. So lank dit die geval is, sal maatskappy en gemeenskap agter

4/............

hulle universiteite staan, en sal hulle ook rede hê om fondse na hulle universiteite te laat vloei.

As universiteite waarlik diens moet lewer, is dit noodsaaklik dat hulle vryheid sal geniet om dit goed te kan doen. Trouens, vir enigiemand en enige instansie is dit nodig dat hy, as hy wil optree en betekenisvolle werk wil verrig om aan sy doel te beantwoord, vryheid sal hê om dit te kan doen. Vir universiteite is dit absoluut noodsaaklik. Hulle gee onderwys, hulle doen navorsing, hulle pluis begrippe uit, hulle ondersoek standpunte, hulle toets gevestigde en nuwe begrippe, kortom hulle is voortdurend besig om objektief, kalm en krities hierdie geestelike werk te verrig. En hulle sal dit nie behoorlik kan doen, as hulle vryheid nie gewaarborg is nie; niemand sal hierdie werk van die gees eerlik en vreesloos kan doen as hy weet dat daar gedurig 'n swaard oor sy hoof hang nie.

Vandaar dan dat daar reeds ver terug in die geskiedenis 'n groot mate van vryheid aan universiteite en hulle lede (dosente en studente) gegun is. Die leerstuk van akademiese vryheid het ontstaan wat in al die lande van die Weste hoog gewaardeer word. In Frankryk word met trots gepraat van „la liberté universitaire"; in Duitsland plaas professore hulle tradisioneel op die standpunt van „Lehrfreiheit und Lernfreiheit"; en in Engelssprekende lande het „academic freedom" 'n dierbare woord geword.

Ek haas my om te sê dat ek met die begrip en beginsel geen fout te vind het nie; inteendeel, ek is dankbaar dat dit bestaan, en ek onderskryf dit van harte. Ek meen stellig dat as daar geen akademiese vryheid was nie, ons universiteite - en met name ook die Universiteit van die Oranje Vrystaat - veel armer aan ware geestesinhoud sou gewees het en dat hulle ook veel minder stimulerende krag sou geopenbaar het. Laat ons die waarde van hierdie leerstuk dus terdeë besef.

Soos met enige belangrike beginsel, is dit ook met akademiese vryheid noodsaaklik dat ons onsself behoorlik daarvan sal rekenskap gee en dit suiwer

5/..............

sal hou. Ons sien immers om ons heen hoe die mooiste beginsels dikwels vir die grofste misbruik vatbaar is. Waar kry ons mooier beginsels as bv. dié van die filantropie en die liberalisme, en tog: watter ellende het nie al, in ons geskiedenis, en vandag nog, uit 'n wanvertolking en misbruik hiervan voortgevloei nie?

Die vryheid van die universiteit en sy dosente en studente is nie iets wat deur die eeue heen as 'n vae ~~filosofiese~~ wysgerige of metafisiese kosbaarheid by wyse van tradisie tot ons gekom het nie. Baie keer hoor ons geesdriftige, breedsprakige vertoë wat hierop dui, maar dit is van nul en gener waarde, en dit sal voor geen hof of kommissie van ondersoek die toets kan deurstaan nie.

Die akademiese vryheid is, in ons land ten minste, iets veel meer wesenliks en reëels. Behalwe wat agtergrond of herkoms aangaan, is daar ook niks vaags nie. Vir ons universiteite - en vir elkeen van hulle - is dit gefundeer en gesetel in sekere wetlike instrumente; hulle eie wette, hulle eie statute en die gemeenskaplike statuut van ons universiteite. Hulle posisie word hierin gedefinieër; hulle vryhede, regte, bevoegdhede en verantwoordelikhede - asook dié van hulle lede - word omskryf; regte en bevoegdhede wat hulle nie hieronder besit nie, besit hulle nie; en regte en bevoegdhede wat hulle hieronder besit, mag hulle nie ontneem word nie, tensy dit op die voorgeskrewe, konstitusionele wyse geskied. So lank die akademiese vryheid, d.w.s. die vryheid van die universiteit as institusie en die vryheid van dosente en studente as indiwidue, met sukses aan hierdie instrumente getoets kan word, is dit bestaanbaar; so gou die universiteit of die universiteitsman se akademiese vryheid buite die perke van hierdie instrumente gefundeer word, kan dit nie meer bestaan nie.

As ons nou na die wette van die universiteite kyk, na hulle eie statute en na die gemeenskaplike statuut, dan sien ons dat die universiteite, hulle dosente en studente wel oor betekenisvolle regte en vryhede beskik:

universiteite het bv., deur middel van hulle rade en senate, groot magte in verband met hulle eie bestuur, sowel administratiewe bestuur as akademiese bestuur; dosente is beklee met aansienlike magte rakende lesings, kursusse, eksamens en die evaluering van resultate; en studente het groot vryheid betreffende die keuse van hulle studierigtings en metodes van selfstandige studie en navorsing. In dit alles lê groot vryheid; en dit is inderdaad wat ons onder akademiese vryheid verstaan.

Uit die genoemde instrumente is dit duidelik dat hierdie vryheid nie 'n ongekwalifiseerde vryheid is nie: dit is spesifiek verbind met die akademiese werk van die universiteit en sy mense; dit word noodsaaklik geag omdat die universiteit in staat moet wees om so doeltreffend as moontlik aan die maatskappy en gemeenskappe van die maatskappy, diens te lewer. Vryheid wat die universiteit as institusie geniet, en vryheid wat dosente en studente as persone ~~en~~ of indiwidue, geniet, word deur hulle universitêre kwaliteit begrens; buite die vryheid van hierdie kwaliteit om, het hulle niks méér vryheid as die gewone landsburger nie; en hulle bly, net soos die gewone landsburger, aanspraaklik voor die wette van die land.

Dit is sô dat hulle meer, of ander, vryhede geniet as die gewone landsburger - en, soos ons opgemerk het, is dit ook noodsaaklik - maar juis daardeur is ook groter verantwoordelikhede aan hulle opgelê, want in die lewe is daar geen vryheid nie wat nie met verantwoordelikheid gepaard gaan nie. Dit is aksiomaties. Ongekwalifiseerde vryheid kan immers gaos en nihilisme tot gevolg hê.

Dit alles wys vir ons wat die akademiese vryheid is en hoe dit gebruik moet word. As universiteite of dosente of studente op akademiese vryheid aanspraak maak, kan hulle dit net ten aansien van hulle akademiese hoedanigheid doen. ~~as hulle daarbuite gaan, pleeg hulle onreg teenoor die maatskappy.~~ Daarteenoor: as hulle hulle akademiese vryheid geesdriftig en ten volle

7/.............

gebruik, en dit met groot verantwoordelikheid ten aansien van hulle universitêre hoedanigheid uitoefen, kan hulle 'n [redacted] voorbeeld stel en die maatskappy op positiewe wyse dien.

Ek vrees egter dat dit vandag op baie plekke nie gebeur nie. Oor die buiteland hoef ons nie uit te wei nie, maar ons konstateer slegs dat, ondanks die poginge van sekere buitelandse universiteite om die akademiese vryheid suiwer te hou, op tal van ander plekke studente en dosente onder die dekmantel van akademiese vryheid sosiale en politieke agitasie bedryf wat aan die akademie, die universiteit, totaal vreemd is en waarvoor akademiese vryheid geen lisensie bied nie.

Ons hoef egter hiervoor nie na die buiteland te gaan nie. Ook in ons eie land het ons voorbeelde hiervan. Ons het bv. by herhaling al gesien hoedat studente, onder die aanvoering van 'n liggaam soos NUSAS, en soms ook met die steun van dosente, in verset kom teen sekere aspekte van die Regering se beleid; en ons het al klagtes gehoor dat dosente ~~hulle~~ klasse misbruik om steun vir 'n bepaalde politieke standpunt te werf, en ek was self 'n paar keer in die posisie dat ek klagtes van hierdie aard moes ondersoek.

Sodanige optrede is nie deel van die werk van die universiteit en sy mense nie. En as hulle regverdiging daarvoor probeer soek in die leerstuk van akademiese vryheid, tas hulle [redacted] mis. Wat hulle wel besig is om te doen, is om onrus en beroering in die maatskappy te stig en, in plaas van diens daaraan te lewer, die maatskappy te verdeel en te ondergrawe. Dit berus op die opvatting dat betrokkenheid („involvement") op enige terrein van die lewe, 'n noodsaaklike vereiste vir die universiteit en sy lede is. Hierin lê egter 'n dwaling; wat Suid-Afrika betref, 'n baie ernstige dwaling, want by ons is, soos reeds opgemerk is, die terrein van die vryheid van die universiteite en hulle mense, kragtens hulle wette en statute, bo alle twyfel afgebaken.

'n Mens kan natuurlik geen Suid-Afrikaanse burger die reg ontsê om hom op aktiewe wyse vir die een of ander sosiale of politieke beweging te beywer nie, al is dit ook reëlreg in stryd met die beleid van die Regering of ook die beskouing van die meerderheid van die bevolking, mits hy natuurlik binne die wette van die land bly. En ook die universiteitsman het hierdie reg. Hy mag egter nie sy akademiese vryheid daarvoor misbruik nie; en hy mag dit nie van agter sy kateder doen nie. Daarom het ek agting vir die universiteitsman wat, as hy kandidaat word van die een of ander party in 'n verkiesing, sy universiteitspos neerlê. So 'n man tree eties suiwer op, en 'n mens kan sy optrede waardeer, wat sy politieke beskouing ook al mag wees.

In hierdie verband is dit nodig om ook te verwys na sekere studente-aktiwiteite, wat dikwels wel nie ernstig bedoel is nie, maar uit sedelike oogpunt nie oor die hoof gesien kan word nie. Watter regverdiging bestaan daarvoor dat studente van één universiteit bv. voor 'n intervarsity strooptogte op studente van 'n ander universiteit uitvoer en [redacted] vernieling en skade [redacted] in die proses aanrig? Of dat studente van 'n manskoshuis op 'n dameskoshuis toesak en veral op dameskledingstukke beslag lê? Of dat studente by die een of ander geleentheid beskonke raak en hulle op openbare plekke aan slegte taal [redacted] skuldig maak? Of, om dit baie aktueel te stel, dat studente behae daarin skep om naak te hardloop? Ek wil hiermee natuurlik nog geensins te kenne gee dat sulke dinge oral en elke dag voorkom nie, maar ons weet dat dit wel voorkom, en ongelukkig in toenemende mate ook.

Sodanige optrede het met die kwaliteit of hoedanigheid van die student, as student, niks te make nie, en hy kan op geen reg of vryheid daartoe aanspraak maak nie. Dit dui op 'n siekteverskynsel van die gees, wat skadelik op die maatskappy kan inwerk, en daarom is universiteits- en studente-owerhede geroepe om sonder versuim daarteen op te tree. Toe ek onlangs

9/..............

van 'n invloedryke persoon aan een van ons universiteite, waar juis weer iets weersinwekkends van genoemde aard voorgekom het, verneem dat hulle waarskynlik nie daarteen gaan optree nie, was ek verbaas. 'n Mens vra jou af: As oortredings wat onder die wet van die land met swaar strawwe gestraf kan word, nie ernstig genoeg is om optrede van 'n universiteit te regverdig nie, wat moet die dissipline van daardie universiteit werd wees? En wat moet die verantwoordelikheidsbesef van daardie universiteit teenoor sy studente en die maatskappy werd wees?

Hierdie betoog bring ons dan by vier kardinale punte, wat duidelikheidshalwe hier kategories gestel kan word:

1. Die universiteit staan nie los van die maatskappy nie maar, gesetel binne 'n bepaalde gemeenskap, staan hy midde in die maatskappy;
2. Watter take die universiteit ook al mag hê, sy taak is bowenal om die maatskappy te dien en die welsyn van die maatskappy te bevorder;
3. Die universiteit as institusie en sy lede as indiwidue geniet betekenisvolle vryheid, maar dit is 'n vryheid wat nadruklik gekwalifiseer is; en
4. As die universiteit en sy lede hierdie kwalifikasie nie respekteer nie, dan dien hulle nie die maatskappy nie, en is hulle besig om vryheid in bandeloosheid te omskep.

Ons is vandag hier by 'n belangrike amptelike geleentheid van die Universiteit van die Oranje Vrystaat byeen, en dit is goed dat die voorgaande gedagtes hier aan die orde kon kom. Dit pas ons immers om by so 'n geleentheid vir ons rekenskap te gee van dié dinge wat ons almal op hoë vlak regstreeks raak.

Ek is ~~ook~~ dankbaar dat ek in die vreugde van hierdie geleentheid kan deel. Saam met baie ander wil ek die studente, wie se suksesvolle studie

bekroon word, van harte gelukwens; en nie net die studente nie, maar ook hulle ouers wat hulle vordering met belangstelling gevolg het, en ongetwyfeld in baie gevalle hulle studie aan die universiteit met opoffering moontlik gemaak het. Ek wil ook die Universiteit en sy dosente gelukwens: dit is die welslae van hűlle doseerwerk, wat vir ons 'n geleentheid soos hierdie moontlik maak.

Dit is my 'n behoefte om ten slotte 'n besondere woord te sê ten aansien van die Rektor, die uitvoerende hoofamptenaar van die Universiteitsraad en dus die effektiewe hoof van die Universiteit. Ons weet sy taak is nie altyd maklik nie; maar ons weet ook dat hy hierdie universiteit, sy dosente en studente goed ken en dat hy hom deur baie jare van troue diens aan die Universiteit onderskei het.

Prof. Kok het 'n ontwyfelbare duidelike koers gevolg, en hy het konsekwent daarby gebly. Mense wat in hierdie universiteit belangstel, het veral waardering vir die feit dat hy glo in dissipline en dat hy ook nie aarsel om dit deur te voer nie. Hy is egter nie 'n voorstander van 'n onmenskundige, diktatoriale dissipline van bo-af nie; hy soek die samewerking van universiteitsliggame en dosente, en ook die samewerking van studente, en hy oefen aldus 'n gesonde vorm van dissipline uit wat ons kan kenskets as dissipline-in-rade. Dit het my opgeval hoe hy nog onlangs, na aanleiding van beweerde oortredings, met beslistheid opgetree het, maar weer eens met die samewerking van universiteits- en studenteowerhede.

Ek wens prof. Kok en die Universiteit van die Oranje Vrystaat sukses en seën toe op die weg wat voorlê. Ek vertrou dat hulle kragte steeds aan ons maatskappy gewy sal wees, en dat hulle vreesloos sal voortgaan om toegeruste, weerbare jong manne en vroue vir die diens van Suid-Afrika te lewer.

Swaar verantw. op ons opvoeding
ek vertrou hulle sal ons help —

\+ + + + + + + + + +